higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N930**(A)**(N14)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)

(5140286)

**14 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**TWEE woordeboeke en TWEE naslaanwerke mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 2 bylaes.**

Kopiereg voorbehou 

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

**AGTERGROND**

| |
|---|
| Sosiale media behoort ŉ manier te wees waarop familie en vriende wat ver van mekaar bly gebeure en foto's kan deel. Ongelukkig het dit ŉ nuwe speelplek geword vir boelies om ander te verneder. Kuberboeliegedrag vind plaas wanneer sosiale media, selfone, e-posse en sosiale netwerke gebruik word om iemand te verkleineer, teister, intimideer, dreig of af te pers.<br><br>Jy dien as sekretaresse van die studenteraad van jou plaaslike kollege en is verantwoordelik vir alle korrespondensie. Op 9 Mei pas Lerato, ŉ student, selfdood toe nadat sy deur ŉ kuberboelie getreiter is. Die kuberboelie, Magdelena Dawids, was ŉ medeklasmaat van Lerato. Magdelena was jaloers op Lerato nadat haar kêrel haar vir Lerato gelos het. Sy het foto's van Lerato gemanipuleer en ŉ vals *Facebook*-profiel geskep met Lerato se nommer. Lerato is daagliks geteister deur oproepe en negatiewe kommentaar wat op die profiel deur vreemdelinge geplaas is. Sy is getraumatiseerd deur Lerato se dood en beweer dat sy nie geweet het dat die 'grappie' so vinnig en ver sou versprei nie.<br><br>Die gemeenskap is geskok deur die gebeurtenis en julle as studenteraad besluit om ŉ veldtog teen kuberboelies te loods. |

**VRAAG 1: WELWILLENDHEIDSBRIEF**

Jy rig ŉ formele brief namens die studenteraad aan Lerato se ma, Mev. Thadi Mfusi, waarin julle medelye met haar toon. Verduidelik waarom die kollege geskok is en noem TWEE eienskappe wat Lerato ŉ besonderse mens gemaak het. Noem dat julle ŉ veldtog in Lerato se naam gaan loots om mense bewus te maak van kuberboelies.

| INHOUD | UITLEG | TAAL |
|---|---|---|
| 5 | 3 | 2 |

**[10]**

**VRAAG 2: KENNISGEWING EN AGENDA**

Die studenteraad se voorsitter, Cathrine Jantjies, wil die veldtog teen kuberboelies met die raad bespreek. Sy vra jou om die kennisgewing en agenda van die spesiale vergadering aan lede te rig.

Tydens die vergadering sal die volgende punte onder *'Kuberboelie-veldtog'* bespreek word: ŉ moontlike datum vir die veldtog, aktiwiteite wat sal plaasvind, uitnodiging aan die burgermeester, verversings en moontlike gassprekers. Hierdie vergadering sal op 11 Mei plaasvind in die studente-ondersteuninglokaal om tweeuur die middag sodat klasse nie onderbreek word nie.

Stel hierdie kennisgewing en agenda namens die voorsitter in memo-formaat op.

| INHOUD | UITLEG | TAAL |
|---|---|---|
| 7 | 4 | 4 |

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: PROGRAM**

Tydens die spesiale vergadering is daar besluit dat die veldtog op Saterdag 26 Mei gehou sal word.

Cathrine Jantjies gee aan jou die opdrag om ŉ program van die dag se gebeurtenisse op te stel wat op die dag uitgedeel sal word. Gebruik BYLAE A en die volgende kernnotas wat jy gemaak het om die program op te stel:

*8 uur – opening en verwelkoming – kampushoof – rugbyveld 20 oor 8 – optog vanaf kollege – Mfusi-woning (Stinkhout no. 116), 20 oor 9 blomme oorhandig aan Mev. Thadi Mfusi – Cathrine Jantjies optog terug kollege – 20 voor 10, 20 voor 11 – Kuberboelie: Die moderne monster – burgermeester – Mnr. Philander – saal – Simptome van en wenke teen kuberboelies – Maria Losper – SAPD – 20 oor 11 – saal, 10 voor 12 – Daar is hoop – Mnr. André du Preez – berader – saal, 12:20 – afsluiting en bedankings – Cathrine Jantjies – saal, half 1 – vingerete met sap – rugbyveld*

| INHOUD | UITLEG | TAAL |
|---|---|---|
| 18 | 3 | 4 |

**[25]**

**VRAAG 4: PERSVERKLARING**

Tydens die vergadering is daar ook besluit dat die studenteraad ŉ persverklaring sal uitreik.

Skryf die persverklaring wat op 16 Mei vrygestel moet word. Lig die publiek in van die veldtog en nooi alle skole om deel te neem aan die veldtog. Noem die belangrikste punte van die dag. Skole wat belangstel, sowel as die publiek wat meer inligting wil bekom, kan jou kontak. Gebruik BYLAE B.

| INHOUD | UITLEG | TAAL |
|---|---|---|
| 12 | 2 | 6 |

**[20]**

**VRAAG 5: VORDERINGSVERSLAG**

Op 17 Mei vra Cathrine jou om 'n vorderingsverslag saam te stel oor die reëlings vir veldtog. Sy soek die formele verslag teen 21 Mei. Gebruik jou eie inisiatief om die verslag saam te stel.

Gebruik die volgende opskrifte:

- Agtergrond
- Doel van verslag
- Afgehandelde take (DRIE take)
- Take wat tans aandag geniet (DRIE take, EEN probleem)
- Onafgehandelde take (DRIE take)
- Gevolgtrekking

| INHOUD | UITLEG | TAAL |
|---|---|---|
| 18 | 6 | 6 |

**[30]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 3**

# KOLLEGE

______________________________

__________________________________________________

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Kopiereg voorbehou 

**BYLAE B**

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 4**

# KOLLEGE

**NAVRAE:** ____________________________________________

**PERSVERKLARING** **VIR VRYSTELLING:** ________________________

Kopiereg voorbehou